# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 11 SEPTEMBER 2024 EN MOOT SELGROEP, DONDERDAG, 19 MAART 2026

## OPENBARING 12 EN 13

## TERUGBLIK OP OPENBARING 11

In Openbaring 11 lees ons van die twee getuies wat vir die eerste helfte van die verdrukking op die aarde is om te profeteer (Opg 11:3). Hulle is God se boodskappers om die mens nog geleentheid tot redding te gee. Wat doen die mense egter? Hulle maak die twee getuies dood (vers 7), soos die Jode Jesus doodgemaak het. God gee hulle lewe terug (vers 11) en hulle word in die hemel opgeneem, soos Jesus. Ons het verlede week gesels oor wie die twee getuies kan wees. Die aanvaarde siening is dat dit Moses en Elía is, veral omdat die twee persone in Matthéüs 17 op die berg verskyn het. Daar is egter ook 'n ander siening dat dit Henog en Elía kan wees, om die volgende rede: Hebreërs 9:27 leer ons dat elke mens eenkeer moet sterf, voordat daar 'n oordeel kan wees. Henog en Elía is in hulle lewe lewend in die hemel opgeneem. Sien Génesis 5:24 (Henog) en 2 Konings 2:11 (Elía). Kan dit wees dat hulle eers gedurende die verdrukking gedood moet word om in pas met Hebreërs 9:27 te wees?

## OPENBARING 12 – DIE VROU EN DIE DRAAK

Hoofstuk 12 is die verduideliking van God se plan van redding vir die mens, deur 'n "vrou" en "kind".

Die hoofstuk stel ons aan die vrou, die kind, en die draak voor. Kom ons fokus vir 'n oomblik net op wie die vrou en die draak is, voordat ons na verdere toepassing kyk. Johannes sien 'n teken in die hemel. Die vrou verteenwoordig **Israel**. Kyk hoe sy beskryf word en vergelyk dit dan met Josef se droom in Génesis 37:9. Ragel was die maan; Jakob was die son; en die twaalf seuns van Jakob was die twaalf sterre, wie die twaalf stamme van Israel word. Israel word dikwels as 'n vrou uitgebeeld. Sien Jesaja 54; Jeremía 3; Eségiël 16; en Hoséa 2.

Sy baar 'n manlike kind, Jesus Christus, wie die nasies met 'n ysterstaf, 'n teken van koningskap, sal regeer. Sien Psalm 2:8-9 en Openbaring 19:15. Voordat dit egter kon gebeur, is Hy na die hemel weggeruk (die Hemelvaart), omdat sy volk Hom verwerp het. Johannes sien God se plan van redding vir alle mense. Hy roep Abraham uit die vreemde, uit wie Israel ontstaan, deur wie Jesus gebore is, en deur wie die mens gered word. Satan staan teenoor hierdie plan en wil sien dat mense in hulle sonde sterf.

Hierna sien Johannes 'n ander teken. 'n Vuurrooi draak verskyn in die hemel. Dit is **Satan**, wie in die Woord baie name het, onder andere draak (vers 3); slang en duiwel (vers 9); en aanklaer (vers 10). Satan het nog altyd die doel gehad om God se planne omver te werp en hy tree teen die beste belange van mense op. Lees wat Petrus oor hom skryf en hoe ons hom moet teenstaan: Sien 1 Petrus 5:8. Hy is dus teen God se redding vir Israel (die vrou) en haar kind (Jesus Christus) wie gekom het om nie net vir Israel 'n regeerder te wees nie (vers 5) maar ook Redder vir alle mense. Jesus sal gedurende die millennium met 'n ystersepter regeer. Sien Psalm 2:8-9 en Openbaring 19:15. Satan is die eerste van die drie persone van die onheilige drie-eenheid.

Satan se geskiedenis word ook verduidelik. In vers 4 en 9 lees ons dat Satan en een derde van die sterre, gevalle engele, op die aarde neergegooi is. Johannes sou die profete se geskrifte goed geken het, en dit is belangrik om eers Jesaja 14:11-16 in hierdie verband te bestudeer. Hy was 'n groot en

belangrike engel (Eségiël 28). Hy was die engel van aanbidding in die hemel. Vandag gebruik hy juis musiek in die kerk om mense te mislei. Die lawaai wat as "aanbidding" en "lofprysing" in baie van ons gemeentes aangebied word, doen niks anders nie as om die sinne van deelnemers te verblind.

Satan se doel is om Israel te vernietig, en hy doen dit deur die Antichris se regering en die verbond van vals vrede, die wit perd in Openbaring 6, van sewe jaar wat hy met Israel en baie nasies gesluit, en nou verbreek soos ons in Daniël 9:27) sien. Terwyl Jesus Christus nie op die aarde is nie, en voordat Hy die septer opneem, is Hy in die hemel (vers 5) en is Israel sonder 'n koning. Die vrou, Israel, word aangeval, en vlug na die woestyn (vers 6 en 14). Ons lees hiervan in Matthéüs 24:16 – die wat in Judea is moet na die berge vlug. Daar word bespiegel dat hierdie mense wie vir die Antichris vlug (vers 13), in die bergvesting Petra in die Jordaniese woestyn gaan skuil. Hier word hulle vir 1260 dae (3½ jaar) Goddelik onderhou en beskerm. Sien Openbaring 12:14 en Daniël 12:1.

Ons lees hoedat Johannes sien dat die slang (vers 15) die volk Israel probeer vernietig. Ons lees dat die duiwel water (dalk 'n leërmag) gebruik maar die aarde help die vrou (moontlik 'n aardbewing). Noudat die slang sien dat hy niks aan die vrou kan doen nie, neem hy wraak op "haar ander nakomelinge" – Jode en heidene wie gedurende die verdrukking tot bekering kom. Hierdie is ook die begin van die groot verdrukking.

**OPENBARING 13:1-10 – DIE DIER UIT DIE SEE (ANTICHRIS)**

**POLITIESE MISLEIDING**

Hoofstuk 13 is 'n voortsetting van Hoofstuk 12 en is die teenstand van God se plan vir die mens se redding in hoofstuk 12. Dit kom deur die **draak**, die **dier uit die see**, en die **dier uit die aarde**. Soos wat Satan altyd doen, boots by God na. Die Goddelike Drie-eenheid is Vader, Seun, en Heilige Gees. Die sataniese Drie-eenheid is Satan, Antichris, en Vals Profeet.

Johannes beskryf 'n dier wat uit die see opkom. Hierdie is die Antichris. Die "dier" is die naam wat gebruik word, terwyl die naam Antichris nooit in Openbaring gebruik word nie. Johannes gebruik wel die naam in sy sendbriewe. Dit is die Antichris wat uit die **heiden nasies** (see) te voorskyn kom. Hy het sewe koppe en tien horings. Op die tien horings is tien krone. Baie ontleders spekuleer dat die Antichris uit die Herleefde Romeinse Ryk kom. Hierdie tien nasies is nie die 27 sterre wat ons tans op die vlag van die Europese Unie sien nie. Indien die Antichris wel uit hierdie Europese Unie kom, moet 17 van die huidige lande óf uit die EU onttrek, soos Brittanje gedoen het, of met ander lande moet saamsmelt. Alhoewel dit interessant is om hieroor te gesels, bly dit spekulasie. Wat ons wel sien is dat hierdie leier iemand sal wees wat antwoorde het vir krisisse waarvoor huidige wêreld leiers nie oplossings het nie.

Kom ons kyk eers na 'n beskrywing wat maklik ons kan verbygaan. Die dier wat Johannes uit die see sien opkom het sewe koppe en tien horings, met tien krone op die horings. Hierdie beskrywing word in Openbaring 17:7-16 verder verduidelik. Eers meer inligting oor die sewe koppe (konings):

1. **Vyf het geval** – dit is die koninkryke van
    a. Egipte
    b. Assirië
    c. Babilonië
    d. Medo-Persië
    e. Griekeland

Hierdie koninkryke is die een na die ander oorgeneem en het ophou bestaan.

2. **Een is** – dit is die Romeinse Ryk wat tydens Johannes se lewe nog aktief was. Hierdie ryk het, anders as die bogenoemde vyf, nooit geval nie en is nie deur enige ander koninkryk oorgeneem nie.

3. **Die ander een het nog nie gekom nie** – dit is die Herleefde Romeinse Ryk wat in Johannes se tyd nog nie daar was nie maar wat wel in ons tyd sal herleef. Dit is die kop met die dodelike wond wat genees is.

4. **Die tien horings** – tien konings of leiers wie dalk alreeds in ons tyd opereer. Dit is waarskynlik die hoofde van lande wie die Herleefde Romeinse Ryk gaan uitmaak, iets soos die Europese Unie, maar nie met 27 lande soos ons tans op die EU se vlag as sterre uitgebeeld sien nie. Hierdie 27 lande gaan of onttrek, of saamsmelt, sodat daar net tien lande oorbly. Hulle regeer vir 'n kort periode (een uur) saam met die dier. Daarna gee hulle hulle krag en mag oor aan die dier.

Die Vals Profeet verteenwoordig 'n wêreld godsdiens. Die Satan en die Antichris misbruik die Vals Profeet om hulle doel te bereik. Hierna moet hulle ontslae raak van die godsdiens stelsel sodat die Antichris alleen kan oorbly om aanbid te word. Die Antichris misbruik en mislei die Vals Profeet totdat hy sy doel bereik het.

Die **groot verdrukking** is die tweede helfte van die sewe jaar verdrukking, soos wat Jesus dit in Matthéüs 24:21 beskryf. Israel besef dat hulle mislei is deur die leier wie hulle gedink het die Messias is, en dit is deel van die misleiding waarna in Matthéüs 24:23 verwys word. Mense aanbid die **draak** (duiwel) wat die **dier** (Antichris en sy koninkryk) sy mag gee (vers 4); hulle aanbid die dier (vers 4); en hulle is in verwondering oor hom en wat hy doen. Hy is die tweede deel van die onheilige drie-eenheid.

Hierdie leier kry 'n "mond" wat ons eerder moet sien as 'n mondstuk, spreekbuis of woordvoerder. Dit is iemand anders wie uiter wat die dier wil hê die bewoners van die aarde moet hoor. Hy laster teen God vir 42 maande (Dan 11:36-37 en Openbaring 13:5); hy laster teen die tempel (vers 6); en hy het mag oor die hele wêreld (vers 7). Diegene wie nie gered is nie ("die bewoners van die aarde"), sal hom aanbid (vers 8). Hierdie dier het verskillende name en beskrywings in die boek van Openbaring. In 2 Thessalonicense 2:3 word hy as die seun van die verderf beskryf; in Sagaría 11:15-17 is hy die dwase herder; en in Daniël 11:36-45 is hy die koning wat homself verhef. Die Satan gee hom groot krag en mag (vers 2).

Een aspek wat ons in vers 8 moet verstaan is dat dit nie 'n bewys is van uitverkiesing nie. God wil nie hê dat enige persoon verlore moet gaan nie (2 Petrus 3:9) maar dat almal gered word. Almal het 'n gelyke kans. God het egter voor die grondlegging van die wêreld alreeds geweet wie nié op die boodskap van redding sou reageer nie, en hulle name is dus toe al reeds nie in die boek van die lewe opgeneem nie. Kyk na vers 9, wat 'n terugblik op Openbaring 2 en 3 is. Selfs op hierdie stadium is daar nog kans op redding, maar mense kry wat hulle gesoek het.

Kom ons kyk vir 'n oomblik na die naam Antichris. Die Grieks is ἀντί (teen) Χριστός (Christos, gesalfde) en beteken egter nie net die "teenoorgestelde van" nie, maar ook "in die plek van". Die Antichris (die dier) kom na die aarde as die Messías (Islam verwys na hom as die Mahdi.), en vir die eerste helfte van die verdrukking glo Israel (hulle word mislei) dat hy hulle Messias is. Hy kom "in die plek van" die

werklike Messias as die ruiter op die wit perd (Openbaring 6:2) en bring skynvrede (misleiding) totdat hy die tempel ontheilig (Daniël 9:27) en daarna neem hy wraak op Israel. Israel se ware Messias sal eers in Openbaring 19:11 op die toneel verskyn om hulle te red.

**OPENBARING 13:11-18 – DIE DIER UIT DIE AARDE (VALS PROFEET)**

**GODSDIENSTIGE MISLEIDING**

In vers 11 beskryf Johannes die ander dier wat uit die **aarde** kom (moontlik uit Israel). Die vorige dier, die Antichris van vers 1, 'n politiese leier, het uit die **see** (nasies) gekom. Die dier uit die aarde is die Vals Profeet, 'n geestelike leier van 'n wêreldse godsdiens, wat die enigste godsdiens in die wêreld word. Hoekom is hy vals? Hy het horings soos 'n lam (verteenwoordigend van Israel se offers en die werk van Jesus Christus) en praat soos 'n draak (misleiding deur mag). Ons het dus nou hier die derde persoon van die onheilige drie-eenheid – die **draak** (**Satan**); die **dier** (**Antichris**); en die **ander dier** (die **Vals Profeet**, wat eers in Openbaring 19:20 so genoem word). Satan gebruik die Antichris en die Vals Profeet om deur politiese en godsdienstige samewerking die mense op aarde te mislei, en te keer dat hulle tot God bekeer.

Die Vals Profeet dwing aanbidding van die dier af (vers 12) en huidige tegnologie maak dit moontlik. Kyk na die misleiding. Hy boots God se krag na deur vuur uit die hemel te laat kom (vers 13; en 1 Konings 18:38, Elía). Hy verlei die mense deur die tekens wat hy doen (vers 14) sodat hy hulle vertroue kan wen. Húlle moet die beeld maak, nie hy nie! Hulle maak dus self die afgod, net soos Israel dit in die woestyn gemaak het, waarvan ons in Exodus 32 lees. Hy gee 'n gees aan die beeld wat vir die dier gemaak is. Dit beteken nie dat die beeld *leef* nie, omdat net God lewe kan gee. Die beeld kan egter *praat*, om te kommunikeer, wat lewe impliseer. Die beeld leef egter nie maar dit het die voorkoms asof dit leef omdat dit kan praat, wat heeltemal moontlik is met ons huidige tegnologie, en die Vals Profeet veroorsaak dat diegene wie nie die dier se beeld aanbid nie, doodgemaak word (vers 15). Het dit al voorheen gebeur? Dink aan die beeld wat Nebukadnésar gemaak het. Sien Daniël 3.

Kom ons gesels gou oor 'n beeld wat *praat* maar nie *leef* nie. Jy skakel jou versekeraars. Met wie "praat" jy, en watter opdragte gee die "persoon" aan jou?

- Druk 1 om die opsies te hoor.
- Druk 2 om jou huidige polis te hersien.
- Druk 3 om 'n nuwe polis uit te neem.
- Druk 4 om met 'n operateur te praat.
- Druk 5 om terug te keer na die hoof spyskaart.

En so beweeg jy in sirkels en kom nêrens nie. Wat van Siri op jou iPhone of Alexa op jou Google produkte? Of die stem in jou kar as jy die GPS gebruik? Leef hierdie stemme werklik? Hulle kan dan praat?

Hierdie dier, die Vals Profeet, het ten doel dat alle mense die merk van die dier, die Antichris, kry (vers 16). Hierdie merk is die **naam van die dier** of die **getal van sy naam**. Sonder hierdie merk kan hulle nie ekonomies aktief wees nie (koop en verkoop). Daar is dus persone wie nie die merk aanvaar nie. Wat is die misleiding hier? Bloot dit: jy het nie veel van 'n keuse nie. Neem die merk en leef verder in jou sonde, of neem dit nie en word doodgemaak.

Dan word die getal van die dier se naam gegee, en dit vereis wysheid van die leser. Die nommer is die van ‘n mens (ses) en is een kort van God se perfekte nommer (sewe). Daar is baie spekulasie oor hierdie getal, en talle voorbeelde van wie die persoon kan wees, volgens die getal 666. Dit is egter duidelik dat dit nie die dier, die Antichris, is wat die merk op mense afdwing nie, maar die Vals Profeet, wie die vals godsdiens stelsels van die wêreld beheer. Godsdiens werk saam met politiek om die ekonomie van die wêreld oor te neem en mense op drie maniere te beheer en mislei: wat jy glo (godsdiens); wie jy volg (politiek); en hoe jy leef (ekonomie).

**JOU REDDING**

1 Thessalonicense 5:4-9 maak dit duidelik dat ek en jy as gelowiges nie deel van hierdie toorn gaan wees nie. Dit is vandag en in die toekoms jou beskerming, maar wat van jou familie, vriende, en kollegas wie nie gered is nie?